WYN- EN SPIRITUSRAAD

Skema vir Geïntegreerde Produksie van Wyn

IPW beleid rakende optrede teen lede na aanleiding van oortreding van wetlike vereistes.

Opgestel ingevolge die Skema vir Geïntegreerde Produksie van Wyn gepubliseer in Regulasie R1413 gedateer 6 November 1998 uitgevaardig ingevolge die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet 60 van 1989)

Goedgekeur op 22 November 2007

Voorsitter van Bestuurskomitee van die Wyn- en Spiritusraad: Dr. J Deist

Die Skema vir Geïntegreerde Produksie van Wyn (IPW) is ‘n bedryfsinisiatief en as sulks nie die primêre reguleerder van wetgewing nie. IPW se optrede in gevalle waar lede wetlike vereistes oortree, is daarop gemik om die “oortreder” aan te spreek om die nodige regstellende stappe of rehabilitasie in samewerking met die toepaslike reguleerder te onderneem en om die ander IPW lede se belange te beskerm. Die doel van die optrede is dus om deur samewerking met die reguleerder die omgewingsimpak wat moontlik veroorsaak is deur die oortreding te mitigeer.

In gevalle waar gesprekke met die toepaslike reguleerder, hetsy Nasionale of Provinsiale Departement van Landbou, Nasionale of Provinsiale Departement van Omgewingsake, die Departement van Waterwese en Bosbou, Cape Nature asook Biodiversiteit en Wyn Inisiatief (BWI) toon dat ‘n oortreding plaasgevind het en waar die samewerking met die oortreder nie die gewenste resultate toon nie, sal die volgende prosedure onderneem word.

1. Die kwessie sal aan Bestuurskomitee van die die Wyn- en Spiritusraad (WSR) voorgelê word met die versoek dat die volgende stappe oorweeg word.

    1.1 Indien daar steeds onsekerheid bestaan rondom die erns of omvang van die oortreding, versoek dat ‘n onafhanklik ouditeur aangestel word om die saak te ondersoek en ‘n aanbeveling te maak.

    1.2 Indien dit duidelik is dat verdere optrede benodig word, die volgende stappe oorweeg word.

        1.2.1 Die registrasie van die IPW lid vir ‘n tydperk opgeskort word ingevolge artikel 8.3 van die Skema vir Geïntegreerde Produksie van Wyn gepubliseer in Regulasie R1413 gedateer 6 November 1998, uitgevaardig ingevolge die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet 60 van 1989) (“die Regulasie”).

        1.2.2 Die houer ingevolge artikel 8.4 van die Regulasie per kennisgewing ingelig word van die opskorting van die registrasie, asook aandui op watter gronde die registrasie opgeskort word.

        1.2.3 Die houer versoek word om ingevolge artikel 8.5 van die Regulasie die betrokke registrasiesertifikaat binne 30 dae na die kennisgewing aan die WSR terug te stuur

        1.2.4 Die kennisgewing moet aandui vir watter tydperk die opskorting van krag is en onder watter voorwaardes.

Goedgekeur op 22 November 2007

Voorsitter van Bestuurskomitee van die Wyn- en Spiritusraad: Dr. J Deist

1.2.5 BWI ingelig word dat die betrokke IPW lid se registrasie tydelik opgeskort is.

2. Die opskorting van IPW registrasie sal per individuele geval toegepas word, maar binne die volgende voorgestelde riglyne:

   2.1 Die opskorting sal geldig wees vir ‘n minimum tydperk van 1 produksie seisoen.

   2.2 Die opskorting kan opgehef word indien:

      2.2.1 die geskorste lid bewys lewer dat die nodige regstellende stappe of rehabilitasie in samewerking met en tot tevredenheid van die reguleerder onderneem is en/of ‘n aksieplan met teikendatums vir rehabilitasie goedgekeur is deur die reguleerder; en

      2.2.2 die geskorste lid die koste wat deur die WSR aangegaan is om die saak deur die onafhanklike ouditeur te laat ondersoek, aan die WSR terugbetaal het, indien van toepassing.

   2.3 Indien die geskorste lid slegs ‘n plaas is, sal die Bestuurder IPW die kelder(s) waar die druiwe gelewer word, verwittig dat die spesifieke IPW lid tydelik geskors is.

      2.3.1 Indien die geskorste lid se volume druiwe gelewer aan daardie kelder so groot is dat die skorsing veroorsaak dat die kelder nie meer kan toon dat 90% van sy druiwe steeds volgens IPW riglyne geproduseer is nie, moet die kelder sy registrasiesertifikaat ook aan die Raad terugstuur en sal ‘n nuwe sertifikaat weer uitgereik word sodra die plaas die nodige aksies onderneem het, soos genoem onder punte 2.1 en 2.2.

   2.4 Indien die oortreder ‘n landgoed kelder is, sal oortreding van die wetlike vereistes ten opsigte van die riglyne vir die plaas of kelder beteken dat die registrasiesertifikaat aan die Raad terug gestuur moet word

3. Die opgeskorte registrasiesertifikaat wat deur die houer teruggestuur is, sal nie aan die houer terugbesorg word nie, maar indien die houer na die opskorting opgehef is, weer aan die vereistes van registrasie as IPW lid voldoen, sal ‘n nuwe registrasiesertifikaat vir die nuwe produksie seisoen soos van toepassing aan die houer voorsien word.

Goedgekeur op 22 November 2007

Voorsitter van Bestuurskomitee van die Wyn- en Spiritusraad: Dr. J Deist